

Ek is gedoop

Dr Hennie van Wyk



'n Slingervel Publikasie

Tweede Druk: 2018

Inhoud

Ek is gedoop!	1
In sonde ontvang en gebore	2
Indompeling en besprinkeling	4
Saligheid buite onself	6
Jy is gemerk!.....	8
Wat God doen en wat ons moet doen	10
Die Kinderdoop	14
Doop in die plek van die Besnydenis	16
Die gebed	18
Vrae vir Pa en Ma	20
Slotgebed.....	22
Samevatting.....	23

Ek is gedoop!

Die doop is een van die twee sakramente wat ons in ons kerk gebruik. *Sakrament* is prediking wat jy kan sien. Jy het ook seker al gesien as daar 'n baba gedoop is. Het jy al ooit gewonder WAAROM ons baba's doop?

Ons gaan in hierdie boekie kyk wat ons in die *Formulier vir die bediening van die Heilige Doop aan kinders* leer en moet verstaan.

Voor ons daarby kom, wil ek net nou eers praat oor WAAROM ons doop. Kom ek herinner jou eers aan die betekenis van die *sakramente*: dit is preke! Dit preek, en ons kan nie net hoor nie, maar ook sien, wat gepreek word: Jesus het in ons plek gesterf sodat ons die ewige lewe kan hê.

Vandat Adam en Eva die vrugte geëet het wat God hulle verbied het, doen die mens sonde en is eintlik verlore. Daar kom God die mens te hulp en Hy belowe verlossing. Ons moet onthou: God het hulle eers gewaarsku: moenie van die boom eet nie! As julle van die boom eet, sal julle sterf. Hulle het die verkeerde besluit geneem, en daarom sonde gedoen. God kan nie jok nie, en Hy kon hulle nie maar oorgesien het nie. 'n Mens kan nie doodgaan en nog leef nie. Daarom was God se plan dat Jesus as mens in die plek van die mens sou kom sterf, en opstaan, sodat die mens gered kan word.

God besef ook dat ons ook nie baie goed luister nie. Daarom gee Hy aan ons sigbare tekens (soos prentjies wat ons kan sien) net om dit wat Hy sê, vir ons 'n werklikheid te maak.

Voor Jesus se geboorte gee Hy twee tekens: besnydenis - waar bloed vloei wat die mens kan sien, en die Pasga, waar 'n skaap geslag word, die bloed vloei, 'n skaap doodgaan - en

dit om te preek dat die mens nie self kan doodgaan vir sy sonde nie. Jesus moet uiteindelik as Lam van God, vir ons geslag word.

Na Jesus se kruis en opstanding verander die tekens. Die bloed-tekens word weggeneem, en ons kry nuwe tekens: water en brood-en-wyn. Omdat Jesus die volmaakte bloed-offer gebring het, is geen bloedteken meer nodig nie.

Wat preek God dus met die doop vir ons? Jesus het, toe Hy aan die kruis gesterf het, sy lewe gegee. Lewe word baie keer in die Bybel gekoppel aan bloed. En natuurlik het die bloed gevloei toe hulle die spykers in sy hande en voete ingeslaan het. Toe die soldaat Hom met die spies gesteek het, het bloed en water uitgeloopt.

Soos wat die water in 'n stort of bad die vuil van ons afwas, so het die bloed van Jesus ons sonde afgewas.

In sonde ontvang en gebore

Die formulier begin, soos die Kategismus, met die boodskap dat ons sondig is. Ai, maats, dis mos nie lekker om te hoor dat 'n mens verkeerd is nie. Tog: as dit nie lekker is nie, is dit nie te sê dat dit nie die waarheid is nie. Dis nie lekker om te hoor as ma sê jou gesig is nog vuil nie. Kyk in die spieël - hy is vuil.

So sê die Here vir ons dat ons sonde doen. Dis nie lekker nie - maar dis waar. En die spieël wat ons gebruik, is die Woord van die Here - ons Bybel.

Die werklikheid is: as jy een keer, net een keer, 'n lelike woord gesê het, 'n lekkertjie gegaps het, kwaad was - het jy probleme - dan het jy sonde gedoen.

Ons formulier begin met die woorde: *Die hoofsaak van die heilige doop word in hierdie drie punte saamgevat:*

Ons moet dus dadelik beseef dat die heilige doop 'n baie groot saak is en opgesom of saamgevat word in drie kort paragrawe.

Ons en ons kinders is in sonde ontvang en gebore... Hierdie is een van die sinne in die doopsformulier wat baie mense nie wil glo nie. Hoe kan ons sê dat 'n babatjie sonde het? Hy kan mos nog nie sonde doen nie.

Dink bietjie mooi wat sê ons! Ons sê nie die kind word gedoop omdat hy sonde gedoen het nie, maar in sonde ontvang en gebore is. Hierdie is nie iets wat ons self uitgedink het nie. Psalm 51:7 in die Direkte Vertaling lees: "Kyk, skuldig was ek by geboorte, sondig toe my ma swanger geraak het." Lees maar die ander vertalings ook. Ek glo dat die Here nie iets in die Bybel sou laat opteken wat nie waar is nie. So - die babatjie is skuldig en sondig nog voor hy gebore is.

Die formulier gaan voort: *...en is daarom onder die toorn van God.* Dink 'n bietjie: God het die mens volmaak gemaak. Adam en Eva was die mooiste en intelligentste mense wat ooit geleef het. Hy gee aan hulle net een enkele toets om te kyk of hulle gaan luister: julle mag van net een boom nie eet nie. Daar was honderde bome, met die beste en lekkerste vrugte wat die mens aan kan dink! As julle van die een boom eet, gaan hulle sterf.

Wat maak hulle? Hulle luister vir die slang. Kan jy dink hoe hartseer en teleurgestel God was? Die beste wat Hy gemaak het, luister nie. Ek het mos al vir julle gesê dat God nie kan jok nie. Hulle moes dood. Sonde maak God kwaad - en Hy moet dit met die dood straf.

Ons gaan verder: *sodat ons nie in die ryk van God kan inkom nie, tersy ons opnuut gebore word.* Soos wat Adam en Eva verban is uit die tuin, is daar ook geen manier wat ons kan inkom nie. Onthou: God is heilig, en niks wat onrein is, mag by Hom kom nie.

Daarom moet ons *opnuut gebore word*. Sjoe - dit kan mos nie. Of kan dit? Onthou dat Dawid sê dat ons in sonde ontvang en gebore is. Nou moet ons gebore word sonder sonde. Maar dit kan mos nie! Nikodemus het in Johannes 3 dieselfde vir Jesus gesê! Wat antwoord Jesus? Die Heilige Gees werk hierdie geboorte op sy eie manier - waar die mens 'n geestelike geboorte ondergaan, waar al die sonde weggeneem word. Dit is alleen moontlik as Jesus jou sonde wegneem, en die Heilige Gees laat jou dit glo, maak jou 'n nuwe mens wat gehoorsaam aan God wil leef.

Indompeling en besprinkeling

Ai maats, as daar nou een stryery is wat al vir honderde jare aangaan, is dit die een oor indompel of besprinkel. Ek gaan in 'n volgende afdeling uitbrei oor waarom mense die kinderdoop bestry. Hier wil ek net praat oor die vraag of ons ingedompel moet word en of besprinkel moet word.

Daar is mense wat glo dat die enigste regte manier om te doop is om te onderdompel. Onthou: hier is die formulier staan duidelik dat ons kan onderdompel.

Waar kom die gedagte vandaan? Ons lees in Matteus 3 dat Johannes die Doper in die Jordaan gedoop het *omdat daar baie water was*. Jesus het in die water gegaan en uitgegaan, maar nêrens staan dat Hy heeltemal onder die water was nie. As water 10 cm diep is, kan ek ook ingaan en uitgaan, maar ek is nie onderdompel nie.



'n Tweede argument kry ons in Romeine 6 waar die doop 'n begrafnis genoem word. Die van julle wat al by 'n begrafnis was, onthou seker die gat in die grond waarin die kis afgesak het, soos die prentjie hierbo.

Dit klink na 'n baie goeie argument, totdat ons gaan kyk waaraan Paulus asook die Romeine gedink het as hulle die woordjie "begrafnis" hoor. Dit is mos so dat as 'n mens 'n woord hoor, jy 'n prentjie in jou gedagte vorm van wat dit beteken.



Hier regs sien julle 'n prentjie van 'n katakombe, of die "begraafplaas" wat beide die Jode en die Romeine gebruik het. Sien jy die holtes? In elke holte is 'n liggaam geplaas. Agter sal julle die opening sien waar mens ingeloop het. Lees nou weer Matteus 27:59, 60: *Josef het die liggaam geneem, dit toegedraai in 'n skoon linnedoek en neergelê in 'n nuwe graf wat hy vir homself in 'n rots uitgeknap het. Hy het toe 'n groot klip teen die ingang van die graf gerol en weggegaan* (Direkte vertaling). Die klip was voor al die grafte om te keer dat diere nie inkom nie, en daarom het hulle

ook reukolie en speserye op die doeke gegooi (Lukas 24:1) - dit moes darem die sleg ruik as die volgende persoon begrawe word nie.

'n Derde argument is die Griekse woord vir 'doop', naamlik *baptizo*. Natuurlik is die prentjie waaraan 'n mens dink om iets in te doop as mens die woord hoor. Nou moet ons onthou dat as die Bybelskrywers die Nuwe Testament neerskryf, is dit in Grieks, en hulle moes 'n woord kry wat 'n godsdienstige handeling beskryf wat nie aan die Grieke bekend was nie. Hulle het *baptizo* gebruik, maar daaraan nog 'n betekenis gegee. Ons kan dus nie aflei dat die woord wat gebruik is, 'n spesifieke verpligte metode voorskryf nie.

Wat van 'besprinkel'? Om by die antwoord uit te kom, kom ons lees eers 1 Petrus 1:2. Daar lees ons: '*...om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word.*' Maats, hier koppel Petrus ons heiligmaking aan die besprinkeling!

Nou kan julle 'n bietjie deur die boek Levitikus gaan blaai. Gaan kyk bietjie hoeveel verskillende tipes onreinheid beskryf word. Daar word dan ook duidelike voorskrifte gegee van hoe die mens gereinig moet word: water of bloed om op die onrein persoon of besitting gesprinkel word. Dan is dit rein.

Maats, ek dink dit is baie duidelik. Ons glo mos ons word gereinig van ons sonde deur die bloed van Christus. Die Bybelse voorskrifte is telkens om te besprinkel om rein te maak. Daarom gebruik ons ook daardie metode - om vir hierdie babatjie te sê dat Jesus ook vir sy sonde gesterf het.

Saligheid buite onself

Maats, hierdie woorde kom ook in die nagmaalsformulier voor. Ons moet ons saligheid buite onself in Christus soek. Waarom moet ons saligheid soek?

Nou moet ons eers 'n bietjie kyk na die gggrrrooootttt woord. *Saligheid*. Nogal 'n moeilike woord om te verduidelik! Kom ons probeer: kom ons sê jy is 'n leë beker. 'n Mens kan baie goed in 'n beker gooi: koffie, tee, koeldrank, gif... GIF! Jip! Weet julle, dus presies wat ons is. Ons het mos vantevore gesê dat ons in sonde ontvang en gebore is. Sleg soos gif.



Nou hoop ek julle weet dat as 'n mens gif inkry, kan 'n mens nie op die bed gaan lê en wag dat die gif weggaan nie. Dit werk nie so nie. As mens niks doen nie, gaan 'n mens dood. Einde van die storie.

As jy nou vir ma of pa gaan sê jy het gif gedrink of 'n slang het jou gepik, wat gaan hulle maak?

Hulle kan ten minste een van drie dinge doen:

- Sê jy moet self 'n plan maak.
- Wonder wat hulle kan doen, in die garage gaan soek of hulle dalk iets het om vir jou in te gee;
- Jou dadelik hospitaal toe vat.

Maats, hulle gaan onmiddellik opspring en óf 'n ambulans bel óf jou in die kar laai en hospitaal toe jaag. By die hospitaal sal die dokter wil weet watter gif jy ingekry het, en dan sal hulle die regte teengif vir jou gee. Jy sal eers baie siek wees, maar uiteindelik gesond word. Hy gaan ook 'n voorskrif gee vir medisyne om die nagevolge van die gif teë te werk.

Nou ja, soos jy nie gesond gaan word as jy vol gif is en dan op die bed gaan lê nie of jouself gaan dokter nie, net so kan ons nie self die gif van die sonde uit ons lewens kry nie.

Ons moet beseef dat ons ook die drie keuses het met die gif van die sonde:

- Self opsnork. Ek dink nie dit gaan regtig werk nie, Dink net hoeveel keer het jy al probeer om nie iets verkeerd te doen nie, en dan doen jy dit maar! Nee, dit sal nie werk nie.
- Jy kan ander mense vra om jou te help. Maar net soos wat daar seker nie iets in die garage is om die gif uit jou te kry nie, weet mense ook nie regtig wat die regte teengif is vir die sonde nie. Mense probeer baie dinge - maar dit misluk, wat hulle weet ook nie reg wat om te doen nie.
- Ons moet gaan na iemand wat weet presies hoe om die gif van die sonde uit jou te haal!

Wie is dit? Natuurlik Jesus Christus! Ons gaan na Hom toe. In die eerste plek sal Sy Bloed al die gif van die sonde uit jou haal, en dan gee Hy aan ons die voorskrifte hoe om die nagevolge van die gif teen te werk: Sy Woord - die Bybel.

Om dus jou saligheid buite jouself in Christus te soek beteken om na Hom toe te gaan, te sê dat jy vol sonde is, en Hy maak jou vol van sy vergifnis en so is jy verlos.

Jy is gemerk!

Die doop *betuig* en *verseël* die afwassing van die sonde.

Nou ken ons nie regtig die woord *betuig* nie. Dit beteken: *verseker*. Iets waaroor ons nie twyfel nie.

Die ander woord is *verseël*. Miskien het jy al hierdie woord gehoor. Ons *verseël* 'n koevert. In die Bybelse tyd het hulle nie koeverte gehad nie, en al die mense kon nie skryf nie. Daar was *skrywers* aan wie mens dikteer het, hulle het dit opgeskryf.



Hier sien jy die rol (gewoonlik papirus) waarop geskryf is. Die lint is omgebind en dan is seëllak gesmelt en op die lint en brief gedrup en dan het die persoon wie se brief dit is, sy afdruk (die ring) daarop geplaas. So kon die leser weet van wie dit kom en dat niemand ander dit gelees het nie.

Op die foto kan julle die stempel sien wat soms gebruik is. Daar is ook van 'n seëling gebruik gemaak.



(Lees daarvan in 1 Konings 21:8. Nehemia - in hoofstuk 6 - aanvaar nie briewe nie omdat hulle nie *verseël* was nie).

Ons moet nou aan hierdie prentjie dink as ons aan die doop dink.

Die doop preek vir ons dat God jou 'n teken gee wat preek.

- Die Vader sê: “Ek sluit met hierdie babatjie 'n verbond. Dit is My kindjie. Hy / sy erf van my. Ek wil hom / haar versorg. Ek wil hom / haar beskerm, en as iets met hom / haar gebeur, wil Ek dat dit nie vir hom / haar benadeel nie.”

- Die Seun sê: “My bloed het hierdie kindjie se sonde afgewas - al die sonde totdat hy / sy oud is. Ek het daarvoor gesterf. Ek het opgestaan. Omdat Ek dood was, kan hy / sy nou by My erf. Hierdie erfposie is die ewige lewe. As hy / sy sterf, en hy / sy staan voor my Vader, gaan dit sonder sonde wees en kan hy / sy vir ewig by Ons wees.”
- Die Heilige Gees sê: “Ek verseker jou nou, en sal dit nog baie doen, dat jy God se kind is. Jy is deel van Sy kerk en volk. Ek maak jou heilig omdat Ek vir jou verseker dat Jesus al jou sonde afgewas het. Ek gaan in jou woon, en jou elke dag herinner dat hy God se kind is en nie sonde moet doen nie.”

Hoe weet ons dat dit van God kom? Jy kan nie die seël van God op jou voorkop sien nie - maar hy is daar. Niks of niemand kan dit van jou af wegvat nie.

Hierdie seël is natuurlik 'n baie groot troos as 'n mens wonder of die Here regtig vir jou omgee - veral in swaar tye. Onthou net: die feit dat jy gedoop is, maak nie dat jy maak kan maar wat jy wil nie. Nee - ons moet luister en doen wat die Here sê, anders...

Wat God doen en wat ons moet doen

Die formulier gaan verder om vir ons te sê dat die verbond uit twee dele bestaan.

Onthou: 'n verbond is 'n ooreenkoms. Met die doop is dit 'n ooreenkoms tussen God en die kind.

Ons het hierbo gesien dat God sê: Vader, Seun en Heilige Gees maak Hom vas aan die kind. Uiteindelik is die boodskap: Ek wil jou red. Ek wil dat jy My kind wees.

Ons moet mooi verstaan dat God nie nodig het om die mens te red nie. Die ou kleinste sondetjie waaraan jy kan dink is groot genoeg dat God jou vir ewig en altyd kan straf. Ons kan nie God verplig op enige manier om ons te red nie.

Tog wil Hy dit doen. Hy gee aan die kindjie die teken, die merk, sonder dat die kind dit kies (sien die vorige afdeling). In die Ou Testament was die ou seuntjie maar 8 dae oud. 'n Ou klein babatjie - en tog gee die Here die teken vir hom! Hoekom?

Daar is baie redes, maar ek noem die twee belangrikstes:

- Die seuntjie kies dit nie. Eintlik het hy geen keuse of hy die teken wil dra nie. God gee hom vir gelowige ouers en hulle moet hom leer van die genade van die Here.
- Die seuntjie kan nie 'n verkeerde keuse maak nie. Verkeerd? Enige iemand wat nie kies om die Here te dien nie, maak 'n baie groot fout. As God jou kies, moet jy nie 'n fout maak nie. Jy moet die teëpraat nie.

Ons moet mooi verstaan dat God ALLES gedoen het vir ons verlossing. Ja, lank voor jy, jou ouers, ja, jou groot oupa-grootjie gebore is, het Jesus jou sonde betaal. Elkeen ten volle betaal en uitgegee asof jy nooit 'n sonde gedoen het nie. Jy kan nie 'n sent bydra nie.

Hoe sê mens dankie? Hier word 'n paar dinge genoem wat ons moet doen. Ons moet iets vir die Vader, Seun en Heilige Gees doen:

- *Aanhang.* Kom ons verstaan so dat ons aan Hom hang, soos 'n klein apie of 'n vlermuis aan sy mamma hang. Hy sorg en beskerm ons.



- *Vertrou.* Jy weet mos jy kan net iemand vertrou wat jy ken. Kyk na die volgende prent en antwoord die vrae:



- As jy op die randjie van 'n berg staan en 'n vreemde stem sê jy moet spring, sal jy spring?
- As jy op die randjie van 'n berg staan en 'n jy hoor jou pa se stem wat sê jy moet spring, sal jy spring?

Jy sal makliker spring as jy jou pa, wie jy ken, se stem hoor. So moet jy God en Jesus so goed ken dat jy Hom sal vertrou as Hy vir jou iets sê.

- Liefhê. In die Bybel is daar twee kenmerke van liefde:
 - baie goed ken en
 - bereid wees om te gee.

So moet ons God so goed ken en vertrou dat ons bereid is om ook vir Hom te gee, jouself te gee. Dis liefde.

As die formulier nou verder sê dat ons van die wêreld moet afsien en ons ou natuur doodmaak, beteken dit dat elke keer as ons iets verkeerd wil doen, ons moet dink voor ons dit doen en dan besluit om dit nie te doen nie.

Wat doen ons nou in die plek van die verkeerde dinge. Ons lees ons moet 'n *Godvrugtige* lewe lei. Hierdie woord bestaan uit twee dele: God + vrugte. Ons moet dus soos 'n boom vrugte dra waarmee God tevrede is.

Die deel oor die Dankbaarheid sluit af met God se waarborg aan jou! Dit sê dat God weet jy gaan sonde doen. Jy weet jy gaan verkeerd optree. Dan sê Hy wat jy moet doen: moenie aanhou met die sonde nie. Dan sê Hy wat Hy doen: Hy het Hom vir ewig aan jou vasgemaak.

Die Kinderdoop

Baie mense sê dat ons nie babatjies mag doop nie. Hulle lees (byvoorbeeld) Markus 16:16 in die 1933/53-vertaling en sê dat 'n mens eers moet glo voor hy gedoop kan word.

Verder sal hulle ook sê dat die doop 'n begrafnis is. Ons het hierbo in die derde deel gesien dat die prentjie wat hulle gebruik vir begrafnis iets anders is as waaraan Paulus gedink het.

Kyk na hierdie prentjie:



Wat is dit?

'n Aap? Nee! Verkeerd!

'n Bobbejaan? Ook nie. Weer verkeerd!

'n Aap en haar kleintjie? Ook Nie! Weer verkeerd!

Nou kan jy vra: "Wat is dit?!"

Maklik! Dis 'n **prentjie** van 'n aap met haar kleintjie!

Nou kan jy dink: Ag tog, dis mos logies! Ja, maar jy moet besef dat daar 'n verskil is tussen 'n prentjie en die werklikheid.

Die doop is die prentjie wat preek dat Jesus jou sonde afgewas het. Die water was nie jou sonde af nie. Al die water in die wêreld kan nie jou sonde afwas nie. Net Jesus se bloed kan.

Kom ons kyk na die volgende prentjie:



Hierdie is twee *honde*. Hulle lyk nie dieselfde nie, klink nie, eet nie dieselfde nie. Tog is al twee *honde*.

Ek het nog twee prentjies wat vir julle bekend behoort te wees. As kind het ek

elke jaar gewag dat die sywurms moet uitbroei. Dan moes ons net moerbeiblare soek.

Kyk nou eers na die prente:



Dit lyk nie eers naby of dit dieselfde ding kan wees nie! En tog! Dis dieselfde ding! Die *Bombyx mori* (sy wetenskaplike naam). Die een kom voor die ander, die mot is die wurm nadat dit 'n papie was. Maar dis dieselfde ding!

So is dit met die besnydenis en die doop: die besnydenis voor Jesus gesterf het, die doop na Jesus opgestaan het, met een en dieselfde boodskap: Jesus se bloed was jou sonde af.

Wat daarvan as jy nie gedoop is nie? Moenie dat iemand jou vertel dat jy gedoop MOET word, anders kom jy nie in die hemel nie. Niemand in die Ou Testament is gedoop nie! As dit waar is dat hulle sê jy MOET gedoop word, kan niemand van die Ou Testament in die hemel wees nie. Wat sê Jesus in Lukas 16? Abraham is in die hemel. Abraham is nie gedoop nie!

Hoe nou?

Abraham het 'n ander prentjie gehad: die besnydenis.

- Wat het die besnydenis gepreek? Jesus se bloed moet nog vloei om jou sonde skoon te was.
- Wat preek die prentjie van die doop? Jesus se bloed het reeds gevloei om jou sonde af te was.

Albei preek: Jesus se bloed was die sonde af. 2 Prentjies, een boodskap.

Ons moet dus nie so vaskyk in die prentjie dat ons nie die boodskap raaksien nie.

Doop in die plek van die Besnydenis

Noudat ons besef dat daar twee tekens (prente) is wat dieselfde beteken, is dit nie moeilik om te verstaan dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie. Met albei die tekens sê die Here: “Ek sal jou God wees, jy sal My kind wees”.

Nou moet ons duidelik sê: daar is nêrens in die Nuwe Testament 'n duidelik uitspraak dat 'n baba of 'n kind gedoop

is nie. Dadelik moet ons ook onthou: daar word nêrens in die Nuwe Testament gesê dat daar nie kinders of babas gedoop is nie.

In die formulier word daar twee tekste aangehaal om hierdie waarheid te staaf: Genesis 17:7 en Handeling 2:39.

Daar is 'n belangrike saak in Genesis 17:7 wat ons moet raak lees: dat God 'n "ewige" verbond sluit. Ons moenie hierdie woordjie "ewig" mislees nie - want dan gaan ons 'n belangrike saak mis. In die oorspronklike Hebreeus word die woord vir "ewig" net gebruik as dit beteken dat iets so lank aanhou as wat God aanhou. Wat sê die ewige God hier: "Ek is die ewige God wat vir ewig jou God sal wees".

Weet jy dat hierdie sin: "Ek sal jou God wees, jy sal My kind wees" die sin is wat die meeste in die Bybel voorkom - ten minste 24 keer? Wat verskriklik belangrik is om te onthou, is dat die Here dit vir Abraham sê (Genesis 17:7), vir die volk sê voor Jesus gebore is (Jeremia 31:34), na Jesus se hemelvaart (Hebreeërs 8:10) en selfs na die wederkoms (Openbaring 21:7)!

Dink mooi wat sê God. "Ek sal jou God wees, jy sal My kind wees". Dit klink vir my soos 'n belofte! Dit is die belofte waarvan Petrus praat in Handeling 2:39. Hierdie belofte is vir die gelowiges, hulle kinders, en die wat die Here in die toekoms sal roep om Sy kinders te wees.

As iemand nou vir jou vertel dat die teken van die besnydenis opgehou het, dan praat hy die waarheid. Maar as hy sê dat die verbond met Abraham, waarvan die besnydenis die teken was, ophou, praat hy nie die waarheid nie. Die teken (prentjie) het opgehou, maar nie die boodskap van die prentjie nie. Kyk weer na die prentjies van die sywurm larwe en die sywurm mot.

Bloed in die Ou Testament beteken lewe. Elke dier wat geoffer is, moes doodbloei, sy lewe gee. Hierdie lewe kon nie die lewe van die sondaar red nie, want hy moes self betaal.

Met die besnydenis het daar ook bloed gevloei. Dan lees ons in Hebreërs 10 dat Jesus een keer die volmaakte offer gebring het - Sy bloed het gevloei.

Daarom het ons nie meer 'n bloed-teken nie, maar 'n lewe, 'n water teken: die doop.

Die gebed

Voor die kindjie gedoop word, bid ons saam. Ek hoop julle het al gehoor dat ons glo (Sondag 45 van die Heidelbergse Kategismus) dat die gebed die vernaamste, die belangrikste deel van ons dankbaarheid is.

Kom ons kyk waarvoor sê ons dankie in hierdie gebed:

- Ons begin om dankie te sê dat ons gered is. Noag is deur dieselfde water gered as wat die wêreld mee vernietig is. So het die farao verdrink terwyl Israel deur, maar nie in nie, die water gegaan het.
- Ons mag die Here vra vir genade. Dis nogal 'n moeilike begrip as daar gevra word dat *die kind deur die Heilige Gees in Christus wil inlyf*. Kom ons kyk wat dit beteken:
 - Die Heilige Gees werk in die mens sodat die mens ewig kan lewe. Soos jy begin lewe het toe jy gebore is en begin asem haal het, so blaas die Heilige Gees die asem van die ewige lewe in jou siel, sodat jou ewige lewe begin.
 - Ons kan net ewig lewe omdat Jesus betaal het vir ons sonde.
 - Aan almal wat God gekies het, stuur God die Heilige Gees om die asem van die ewige lewe in te blaas.
 - Dan lewe 'n mens die nuwe lewe - die lewe vir God, die ewige lewe.
 - So word jy deel van die kerk van die Here. 1 Korintiërs 12 sê dat die kerk die liggaam van Christus is.

- Daarom bid ons dat die Vader hierdie kind deel maak van Sy kerk.
- Die volgende wat ons in die gebed vra, is ywerige gehoorsaamheid!
 - Om Christus te volg beteken dat ons na Hom luister. As't ware in Sy voetspore loop, doen soos Hy doen.
 - Ons bid vir krag om *sy kruis te dra*. Hier word swaarkry 'n kruis genoem. Die lewe is nie altyd maklik en lekker nie en daar kom baie swaarkry in 'n mens se lewe. Vra maar vir pa, ma, ouma en oupa. Ons vra ons Vader hier om die kruis *blymoedig* (Met *moed*, en *bly*) te dra. Mense wat nie glo nie, sal dit nie verstaan nie! Hoe kan jy bly wees as dit swaar gaan?! Vir die gelowige beteken dit dat die Here die swaarkry gebruik om mens geestelik sterk te maak - met ander woorde - die Here gebruik die swaarkry om vir jou te wys dat Hy altyd daar is en dat jy sy kind is.
- Hierdie lewe
 - Ons dink nie altyd daaraan nie, maar ons word almal ouer. Voortdurend - altyd - moet ons besef dat ons uiteindelik gaan sterf.
 - Wat dan? Ons sterf met troos. Dit beteken dat ons weet dat die dood nie die einde is van alles nie, maar 'n volmaakte lewe saam met God. As ons dit weet, is ons rustig, getroos, niks om voor bang te wees nie.
 - Ons gaan voor die regterstoel van Christus verskyn. Jesus in die oë kyk. Wat gaan ons vir Hom sê? Wat gaan ons antwoord as Hy ons sou vra waarom Hy ons in die hemel moet toelaat? Ons het net een antwoord: "Here, kyk op my voorkop. Daar het U u Naam geskryf en my U kind gemaak. U het vir my sonde gesterf. Dis die

enigste rede waarop ek toegelaat kan word om ewig by U te wees...”

Vrae vir Pa en Ma

God het die doop ingestel. Dit is iets wat Hy wil hê ons moet in die kerk doen. Dit is 'n teken wat Hy vir die kerk gee sodat elke kind kan weet dat hy / sy aan die Here behoort, Dis vas en seker.

Daar is twee redes waarom 'n kind nie gedoop mag word nie: gewoonte of bygeloof.

'n *Gewoonte* is mos iets wat 'n mens doen sommer om werklik te dink wat jy doen. Dink jy nog waar is jou mond as jy hap? Nee. Jy weet waar hy is en sit die vurk in jou mond sonder om jouself raak te steek.

Pa en Ma moet nooit 'n kind doop omdat dit maar 'n gebruik in die kerk is nie. Hulle moet dink waarom hulle jou laat doop en besef wat dit werklik beteken.

Bygeloof is iets wat jy glo 'n invloed op jou lewe het by die geloof in God. Dit is iets waarvoor mens gewoonlik bang is dat iets slegs met jou gaan gebeur. Baie mense glo dat as jy nie gedoop is nie, jy nie hemel toe kan gaan nie. Wat van almal in die Ou Testament? Die doop is nie 'n toormiddel of 'n toegangkaartjie vir die hemel nie.

(Weet jy dat die Roomse Kerk 'n “nooddoop” het? Sê nou 'n babatjie word gebore en die mense sien dat dit lyk of die babatjie gaan dood gaan, dan kan enige iemand hierdie kindjie doop - wat die baba in die hemel moet toelaat. Leef die baba, sal hulle hom weer doop in die kerk, sterf hy, is hy gedoop. Hier gee julle meer krag aan die doop as wat God daarmee sê.)

Die eerste vraag laat mens dink. Pa en Ma moet sê: “Ek glo ek en my kindjie het soveel sonde dat ons nie verdien om hemel toe te gaan nie!” Hulle moet ook sê: “Ek glo omdat Christus vir my en my kindjie se sondes gesterf het, ons deel is van Christus, heilig gemaak is, en daarom hemel toe kan gaan!”

Die tweede vraag gaan oor hulle geloof. Wat glo hulle. Onthou julle nog wat ware geloof is? Ken + vertrou + doen. Ken Pa en Ma vir God? Vertrau hulle vir God? Doen

hulle wat God sê? Onthou dat God die geloof gee en ons deur die geloof gered word (Romeine 1:16, 17). Pa en Ma sê / bely dat hulle glo dat ons in die kerk uit die Bybel lees oor hoe God sê dat die mens verlos word. God se Woord, net die Woord en niks behalwe die Woord nie (volkome leer van die saligheid).

Die eerste twee vrae het gegaan oor wat ouers glo, en die derde vraag gaan oor wat hulle gaan doen. Hulle belowe aan die Here dat hulle die geloof wat hulle het, ook vir jou gaan leer. En laat leer.

Dit beteken dat ma en pa belooft dat hulle vir jou gaan leer Wie God is, wat Hy doen en hoe Hy wil hê dat ons moet leef. Dis pa en ma wat dit belooft. Omdat ma en pa ook nie alles weet nie en miskien nie altyd al die antwoorde het nie, het ons 'n groot familie - God se kinders, die kerk. Daar kan pa en ma ook vra dat jy geleer word.

Weet jy wat ons dit noem? Katkisasie!

Weet jy dat daar iets is wat jou ouma en oupa het, wat God nie het nie? Iets waaraan jy kan vat, wat nie sleg is nie? (Ek praat nou nie van sonde nie)

Weet jy wat dit is?

Kleinkinders. God het net kinders, geen kleinkinders nie!

Slotgebed

In hierdie gebed vertel ons aan die Here hoe seker ons is van Sy genade en liefde, en ook hoe seker ons is van ons geloof.

Ons is seker ons sondes word vergewe.

Ons is seker dat God ons deur die Heilige Gees deel maak van Sy kerk.

Ons is seker dat ons kinders van God is. (Aangenome kinders. Gekies en Hy gee ons net soveel voorregte as eie kinders).

Natuurlik kan ons ook vir die Here vra wat ons nodig het! Ons vra:

- Die regering van die Heilige Gees. Dat die Heilige Gees ons altyd sal herinner aan die reg wat God wil hê ons moet doen, en dat ons dit wil doen.
- Ons vra ook leiding vir pa en ma. Hulle is ook sondaars, maar ons vra die Here om hulle te lei en te gebruik om die kinders groot te maak soos die Here wil:
 - Hulle moet Hom leer ken as die Vader wat in alles vir hulle sorg;
 - Kinders moet besef dat net Jesus hulle kan verlos;
 - Kinders moet weet wat sonde is en kan 'nee!' sê vir die sonde; (Het jy geweet die duiwel MOET vir jou luister as jy sê hy moet weggaan as hy jou wil verlei om sonde te doen?)
- Ons wil die ware God reg leer ken en Hom reg dien!

Samevatting

Die Here het Sy Naam op jou voorkop geskryf die dag toe jy gedoop is. Daardie dag het Hy, voor jy daarvan geweet het of dit verstaan het, vir jou gesê Hy is jou God.

Soos jy groter word, leer jy Wie hierdie God is en wat Hy doen. Hoe groter jy word, hoe meer moet jy reageer op hierdie eerste woorde wat Hy vir jou gesê het.

Jy moet antwoord. Jy moet sê: “Ek aanvaar dit!” of “Ek verwerp dit!”

Dis verskriklik as jy dit verwerp! Dan sê jy dat jy nie 'n kind van die Here wil wees nie en dat jy maar hel toe kan gaan.

As jy “Ja!” sê, dan moet jy jou geloof bely. So wys jy vir die Here dat jy die verbond ook aanvaar, jou eie maak en daarvolgens wil leef. Kyk in die Psalmboekie, net na die Doopsformulier vir Kinders en die Formulier om Belydenis van die geloof af te lê. Dan aanvaar jy die genade van die Here en maak jou geloof 'n lewenswyse.